Boodskap van SAGES President

Beste SAGES lede en mede golfspelers,

Aan die einde van nog ’n suksesvolle jaar, wil ek graag ’n oomblik neem om te reflekteer op die vooruitgang wat ons as ń SAGES gemeenskap gemaak het. Die afgelope jaar het weereens bevestig waarom SAGES so ’n unieke organisasie is - ’n plek waar gholfspelers ouer as 50 jaar byeenkom om nie net die spel te geniet nie, maar ook die kameraadskap, vriendskap en gevoel van verbondenheid te ervaar.

Deur die jaar heen het ons lede hul entoesiasme, betrokkenheid en vrygewigheid getoon en dit is juis hierdie ingesteltheid wat die SAGES waardes in al ons takke bly versterk.

Leierskap en Bestuur

Die NMC het baie effektief as 'n span gefunksioneer. Alhoewel ons een komiteelid kort was, het die NMC-lede hul portefeuljes met toewyding hanteer – Con het die KANSA-verhouding en fondsinsameling bestuur en gekoördineer, Eddie het na die finansies, administrasie en ontwikkeling van die nuwe webwerf omgesien terwyl ek gefokus het op verhoudingsbou – beide intern met ons lede sowel as ekstern met ons borg.

Ondersteuning aan KANSA

Hierdie jaar het al ons SAGES takke weer hul jaarlikse KANSA gholfdae met toewyding aangebied en ek is verheug om te rapporteer dat die bydraes merkbaar toegeneem het. Alle aanduidings is dat ons in staat sal wees om meer as **R1 miljoen** aan KANSA te skenk — ’n uitsonderlike prestasie en ’n ware mylpaal vir ons organisasie. Ons is ook op die punt om die R10 miljoen kerf te oorskry wat aan KANSA geskenk is sedert ons hulle as ons liefdadigheidsorganisasie van keuse gemaak het.

’n Opregte woord van dank gaan aan **Con Esterhuysen**, wat ’n sleutelrol gespeel het in die skakeling tussen KANSA en ons takke regoor die land.

Finansiële Gesondheid

Die finansiële posisie van SAGES bly sterk. Onder die kundige leiding van **Eddie Mantle** is daar deeglike stelsels en kontroles in plek om te verseker dat ons finansiële bestuur deursigtig en betroubaar bly. Ons nasionale borg, **3Sixty Global Solutions Group en Doves Group Holding** het vir SAGES ’n betekenisvolle hupstoot gebied en bring ons nader aan ons doel om ’n selfonderhoudende organisasie te word.

Groei, Deelname en Lede-betrokkenheid

Ons byeenkomste, toernooie en tak aktiwiteite deur die jaar was goed ondersteun en dit was bemoedigend om 390 nuwe lede in die SAGES familie te verwelkom. Of hulle nou kompeteer, sosialiseer of eenvoudig net die goeie geselskap geniet, ons lede verteenwoordig steeds die sportmanskap en kameraadskap wat SAGES so besonders maak.
Hierdie jaar het ons ook die voorreg gehad om ons Laer Suidkus tak terug te verwelkom, wat na 'n afwesigheid van +- 4 jaar in Oktober in Margate heropen het as ons 29ste SAGES-tak.

Bekendstelling van die Nuwe SAGES-webwerf

Daar is groot opgewondenheid rondom die bekendstelling en implementering van ons nuwe webwerf. Lede word aangemoedig om die webwerf te verken en ten volle gebruik te maak van die funksies daarvan – dit is ontwerp om maklik toeganklik te wees en inligting te verskaf wat voordelig is vir beide individuele lede, takbestuur en die publiek.
Vergewis julleself met die inhoud van die webwerf deur op **https://www.sagesseniorgolfers.co.za**. in te teken. Gebruik die bestuurs of lid - intekeningsbesonderhede wat aan takke veskaf is om toegang tot die webwerf te kry.

'n Spesiale woord van dank aan **Eddie Mantle** vir sy bydrae tot die ontwikkeling en suksesvolle bekendstelling van die webwerf.

Ten slotte, baie dankie aan elke SAGES lid vir julle voortdurende ondersteuning, deelname en entoesiasme. Of jy trofeë jaag, die stap geniet, liefdadigheid ondersteun, of net die pret en geselskap op die baan waardeer — júlle is die hartklop van hierdie wonderlike organisasie.

Namens die NBK en myself wens ek elkeen van julle 'n **Geseënde Kersfees**, gevul met vrede, familie en mooi herinneringe — en 'n **Voorspoedige Nuwe Jaar**. Mag 2026 vir julle goeie gesondheid, baie myle op die skoonvelde en oorvloedige vreugde bring.

Ek sien uit na die jaar wat voorlê en om vele van julle op die gholfbane regoor die land te ontmoet.

Vriendelike groete,
Andre Blom
President van SAGES